www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# CONTENTS

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** ........ **2**
Paper 0548/01 Reading and Writing (Core) ........ 2
Paper 0548/02 Reading and Writing (Extended) ........ 3
Paper 0548/03 Listening (Core) ........ 4
Paper 0548/04 Listening (Extended) ........ 5
Paper 0548/05 Oral Communication ........ 6

www.xtrapapers.com

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing (Core)**

## Kommentaar op spesifieke vrae

***Afdeling 1***

**Vraag 1 tot 5**

Kandidate het hierdie vrae oor die algemeen redelik goed beantwoord. Hulle moet herinner word om aanhalingstekens te gebruik wanneer hulle gevra word om uit die teks aan te haal.

**Vraag 6 tot 10**

Baie kandidate het hierdie vrae goed beantwoord, hoewel min besef het dat "ou Pote" 'n hond is. Wanneer kandidate gevra word om 'n enkele woord uit die teks aan te haal, moet hulle onthou om slegs een woord (tussen aanhalingstekens) neer te skryf.

**Vraag 11 tot 13**

Hierdie vrae is oor die algemeen goed beantwoord. By vraag 12 het min kandidate die woord "rugsak" geken.

***Afdeling 2***

**Vraag 14 tot 17**

Kandidate het hierdie vrae meestal goed hanteer, alhoewel talle geneig was om hul antwoorde direk uit die teks neer te skryf.

**Vraag 18**

Baie kandidate het hierdie vraag moeilik gevind en het lukraak gedeeltes direk uit die teks neergeskryf. Hulle het gesukkel om die negatiewe gevolge van te veel alkohol op die liggaam kortliks op te som. Baie het nie by die woordbeperking van 80 woorde gehou nie en dus punte versmaai. Sommige kandidate het sommer hul eie idees oor die gevolge van alkoholmisbruik uiteengesit en dus nie die teks opgesom nie.

**Vraag 19**

Die meeste kandidate het hierdie vraag goed beantwoord, hoewel heelwat nie geweet het wat "geslag" (soos in "manlik") beteken nie. Te veel kandidate spel *ja* ("ya") en *nee* ("nie") verkeerd.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

***Afdeling 3***

**Vraag 20**

Dit was duidelik dat die meeste kandidate die opdrag verstaan het en dus die brief kon skryf. Verskeie daarin geslaag om oortuigende briewe te skryf.

Behalwe die algemene foute wat tweedetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate die volgende in gedagte hou:

- Begin reeds in paragraaf 1 met die onderwerp.
- Laat reëls oop tussen paragrawe.
- Moenie te lang sinne probeer skryf nie.
- Moet liewer nie sinne met voegwoorde begin nie.
- Sluit die brief korrek af.

‘n Interessante verskynsel was die feit dat verskeie kandidate die woord “ek” in die middel van sinne met ‘n hoofletter skryf (soos die Engelse “I”).

**Vraag 21**

Die meeste kandidate kon redelik bevredigend op die onderwerp reageer en kon die gegewe inligting gebruik om hulle verslag te skryf. Min kandidate het begrip getoon vir die toon wat vir ‘n verslag nodig is. Benewens algemene foute met leestekens, spelling, hoofletters, woordorde en die negatief, weet talle kandidate nie hoe om ordentlike paragrawe te skryf nie – te veel se hele verslag het uit slegs een paragraaf bestaan.

**Paper 0548/02**

**Reading and Writing (Extended)**

**General comments**

- Voornaamwoorde (besitlik en betreklike): Daar heers steeds groot verwarring as dit by geslag kom, byvoorbeeld “hom boeke ...” in plaas van “sy boeke ... ”, omdat kandidate dikwels dink dat “sy” net vroulik gebruik kan word.
- Die gebruik van “wie/wat”: Die beste manier om die gebruik te verduidelik is deur inskerping by wyse van herhaalde gebruik in oefeninge.
- Anglisistiese frasering en woordgebruik, byvoorbeeld “as dit tot ligte kom”: Die gebruik van Engelse woorde kom te dikwels voor.
- Woordorde.
- Voorsetsels.

By Oefening 2 Vraag 22 skryf kandidate dikwels ‘n inleidende paragraaf wat nie die vraag beantwoord nie. Hulle moet aangemoedig word om dadelik te begin met wat gevra word om sodoende die antwoord binne die beperkte aantal woorde te kan voltooi. Opsommings behoort gereeld geoefen te word. Talle kandidate het kommentaar gelewer oor die gebruik van alkohol in plaas daarvan om ‘n opsomming te maak wat fokus op die negatiewe gevolge.

Afdeling 3 is deurgaans goed hanteer, maar paragrafering en punktuasie bly egter ‘n probleem.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

**Paper 0548/03**
**Listening (Core)**

## Algemene kommentaar

Die meeste kandidate het redelik gevaar omdat hulle gebaat het by die meerkeusevrae en waar-of-onwaar-vrae waar hulle slegs antwoorde moes merk. Aangesien 'n groot aantal kandidate se skryfvaardighede nie op standaard is nie, sukkel hulle om vrae te beantwoord waar 'n sinsnede of sin vereis word. Spelling is egter deurgaans nie in aanmerking geneem nie, solank die spelling van 'n antwoord herkenbaar was.

Dit is nogtans kommerwekkend dat soveel kandidate nie weet hoe om die vokaalklanke wat hulle hoor, te skryf nie: bv. "kyk" word "kaak" gespel, "hart" word "hurt" gespel en "raaisel" word "rysel" gespel. Afrikaans is 'n fonetiese taal. Deur te leer hoe vokale en tweeklanke wat jy hoor, gespel word en die reëls konsekwent toe te pas, kan sulke spelprobleme uitgeskakel te word.

## Kommentaar op spesifieke afdelings en vrae

***Afdeling 1***

*Oefening 1*

**Vraag 1-6**

Die kandidate het die vrae in hierdie afdeling baie moeilik gevind. Die meeste het vraag 1 korrek beantwoord, maar vraag 4 was bo die meeste se vuurmaakplek, omdat hulle dikwels nie die woord "verknies" geken het nie. 'n Groot aantal kandidate het geen punte of slegs een punt vir Afdeling 1 gekry.

***Afdeling 2***

**Vraag 7**

Enkele kandidate het volpunte behaal vir hierdie oefening. Vraag **(a)**, **(b)** en **(c)** is redelik goed beantwoord, maar die meeste kandidate het nie geweet wat 'n "vasteland" is nie (vraag **(h)**). Die meeste wat wel die antwoord korrek gehad het, kon nie die woord "Asië" spel nie.

*Oefening 2*

**Vraag 8-12**

Hierdie oefening is oor die algemeen goed beantwoord. Die meeste kandidate het daarby gebaat, soveel so dat sommige meer vir hierdie oefening gekry het as vir Oefening 1 en 3 saam.

Kandidate moet daarop gewys word dat die vrae nie negatief gemerk word nie; hulle moet elke vraag probeer beantwoord. Hulle moet slegs regmerkies in die blokkies maak, nie kruisies nie – of die blokkie inkleur nie. Hulle is nie vir laasgenoemde dinge gepenaliseer nie.

*Oefening 3*

**Vraag 13-17**

Die luisterteks het hier en daar moeilike woordeskat bevat. Talle kandidate het nie die inhoud goed verstaan nie. Dié met 'n goeie kennis van Afrikaans het egter goeie punte behaal.

***Afdeling 3***

**Vraag 18-27**

Hierdie oefening is oor die algemeen goed beantwoord. Baie kandidate het volpunte hiervoor behaal wat hul totaal vir die vraestel opgestoot het.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

**Paper 0548/04**
**Listening (Extended)**

## Algemene Kommentaar

'n Aantal kandidate het baie goeie werk gelewer en enkele kandidate het amper volpunte vir die vraestel behaal. Daar was egter talle kandidate wie se kennis van Afrikaans hulle nie in staat stel om die vrae bevredigend te beantwoord nie, omdat hulle die teks op die band glad nie verstaan het nie. Dit is noodsaaklik dat hierdie kandidate baie meer blootstelling moet kry aan die gesproke taal en dat hulle pogings moet aanwend om hul woordeskat te verbeter.

Spelling is deurgaans nie in ag geneem nie. Mits die antwoord herkenbaar was en dit begrip van die teks en vraag getoon het, is 'n punt toegeken. Dit is egter tog kommerwekkend dat 'n groot aantal kandidate basiese spelreëls nie bemeester het nie en min aandag gee aan skryftekens, soos kappies en deeltekens by die spelling van woorde, bv. "aangelê" en "reën", nie.

## Kommentaar oor spesifieke vrae

***Afdeling 1***

**Vraag 1-6**

Verskeie van die antwoorde het van kandidate vereis om in sinsnedes te antwoord. Omdat hulle baie goed moes luister om die korrekte antwoorde te identifiseer en sommige kandidate se skryfvaardighede dikwels nie na wense is nie, het sulke persone gesukkel om die korrekte antwoord neer te skryf. Die meeste kandidate het nie geweet wat die woorde "verknies" en "geneigdheid" in vraag 4 beteken nie.

***Afdeling 2***

*Oefening 1*

**Vraag 7**

Kandidate moes baie goed luister om die antwoorde te kon verskaf, aangesien slegs enkele woorde of sinsnedes uit die teks breedvoerige ingevul moes word. Die terminologie was ook nie maklik nie. Dit is dus verblydend dat baie kandidate desnieteenstaande goeie punte vir hierdie afdeling behaal het.

*Oefening 2*

**Vraag 8-12**

Hierdie teks was meer toeganklik as dié van die vorige oefening en die kandidate het oor die algemeen goed gevaar. Die instruksie was dat regmerkies in die toepaslike blokkies gemaak moes word. Sommige persone het egter kruisies gemaak, waarvoor hulle nie gepenaliseer is nie, maar hulle behoort instruksies noukeurig uit te voer. Sommige kandidate het geen antwoord gemerk by party vrae nie. Hulle kan niks verloor deur 'n antwoord te kies nie, al is hulle nie seker van die antwoord nie.

*Oefening 3*

**Vraag 13-17**

Die vyf vrae is bevredigend beantwoord.

Aangesien hierdie oefening ook geen skryfwerk vereis het nie, het die kandidate hierby gebaat, want hulle moes slegs 'n antwoord (uit twee moontlikhede) kies en 'n regmerkie in die blokkie maak.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

***Afdeling 3***

*Oefening 1*

**Vraag 18-23**

In hierdie oefening het vraag 21 probleme opgelewer wanneer kandidate nie noukeurig genoeg geluister het nie of hul woordeskat te beperk was om te verstaan wat gesê word. Die woord "viruslading" was vir die meeste persone onbekend en hulle het baie gesukkel met die spelling van "immuunsterkte" (vraag 23). Hulle is egter nie vir spelling gepenaliseer nie.

*Oefening 2*

**Vraag 24-27**

Die nogal moeilike persoons-en plekname het sommige kandidate verwar. Met vraag 27 het party kandidate ook maar erg klei getrap, want hier moes fyn geluister word om korrek te antwoord.

**Paper 0548/05**
**Oral Communication**

## General comments

On the whole, the standard of the oral assessment is inconsistent as some Centres are improving whilst in other Centres the standard is deteriorating.

Teachers should only use standard Afrikaans during the interview and avoid using slang or English words.

***Quality of recordings***

Overall, the quality of the recordings was good, but it is very important that teachers should listen to the recordings before submitting them for moderation. The microphone should be turned towards the candidate more than to the teacher, but keep in mind that both should still be clearly audible.

***Examination techniques***

**Warm-ups**

The warm-ups should last two to three minutes. Some warm-ups were either too long or too short. This phase should not consist of prepared monologues. The teacher could start, for example, by asking: "tell me about yourself, your interests and future plans". Thereafter, the candidate talks for about two minutes without interruption, which gives the opportunity for the candidate to feel at ease.

Please be careful not to ask questions that could be interpreted as being too personal.

**Conversation**

Try to stick to the topic. If a candidate can really not respond to any of the questions, you may change the topic. This should only happen with candidates who fall in Bands 4 and 5.

Take care that you do not ask each candidate exactly the same set of questions. The introductory questions will often be the same but the different responses from each candidate will determine the particular conversations.

Some teachers formulated ambiguous questions, which could not be understood, even by the Moderators. Keep the questions simple, but, at the same time, avoid asking questions that could simply be answered by either "yes" or "no", i.e. ask "open" questions, not "closed" questions.

A small number of teachers either tend to talk too much themselves or interrupt the candidates. The candidates must be given the opportunity to finish what they are saying whether it is correct or not.

www.xtrapapers.com

www.PapaCambridge.com

**Evaluation**

It would appear that teachers are becoming more familiar with the mark scheme and are therefore as the candidates more accurately.

Usually fluency is awarded the highest mark while vocabulary and structure are more in balance. Those candidates who tend to use English words too often should be assessed accordingly for vocabulary.

**Administration**

Most of the administration work was very neat and correct, which was much appreciated. However, there are still cases where the adding up of marks as well as the transfer of marks from the mark sheets to the MS1 is done incorrectly.